

# 1 DIE TRANSVAALSE PLAASSKOOL AS SOSIAAL-OPVOEDKUNDIGE LIGPUNT

## 1.1 Die begrip „plaasskool“

Sedert die vestigingsjare in Transvaal na die Groot Trek het die ouers hulself gesien as die natuurlike, die „... eerst-aangewesen onderwijzers van hun kinderen“. Langsamerhand het klein skooltjies op die afgeleë boereplase ontstaan. Aanvanklik was daar van regeringsbemoeiinge in plattelandse onderwys geen sprake nie, en die beskeie onderwyspogings het geheel en al van die ouers se inisiatief uitgegaan.<sup>1)</sup>

Namate meer gesinne hulle op die plase gevestig het, het die opvoeding en onderwys van plaaskinders net so 'n dringende behoefte geword soos voedsel en kleding. Die plaasskool (buiteskool), wat buite die dorpe op boereplase opgerig is, het deur al die jare in die nouste verband met die ontplooiing en voortbestaan van die plattelandse boerebevolking gestaan.

Aanvanklik het die ouers in die meeste gevalle self die vereiste kennis en vaardighede aan hulle kinders geleer. Gaandeweg het die same-

1) KAMP, J. De school hoort aan de ouders, p. 7-8.

lewing ingewikkelder geword, en die stryd om voortbestaan het meer eise aan die boere gestel. Die ouers kon derhalwe, as gevolg van 'n gebrek aan gespesialiseerde kennis en tyd, al hoe minder hulle verpligtinge ten opsigte van die skoolonderwys van hulle kinders nakom. Plaasouers moes hulle onderwyspligte oordra aan iemand anders wat die bekwaamheid daartoe gehad het. Skole was op afgeleë boereplase opgerig, en daar moes van die dienste van skoolmeesters gebruik gemaak word.

Vir die doel van hierdie ondersoek moet die plaasskool (buiteskool òf wykskool) gesien word as 'n onderwysinrigting wat aan die onderwysbehoefte van die plattelandse- en boeregemeenskap moet voorsien omdat hulle vanweë hulle afgeleë ligging nie van die groter dorp- of stadskole gebruik kan maak nie. Voorts sal die volgende onderwysinstellings by die plaasskool ingeskakel moet word:

- \* gesentraliseerde plattelandse skole wat geheel en al as gevolg van vervoerskemas ontstaan het;
- \* gesentraliseerde skole op die platteland wat grotendeels, òf geheel en al, as gevolg van koshuise tot stand gekom het, dit wil sê, die plattelandse kosskole.

Die Transvaalse plaasskool (buiteskool) maak dus voorsiening vir die onderwysbehoefte van

die landelike bevolking, en is buite 'n dorp of stad geleë.

1.2 Die waarde van die plaasskool vir die landelike gemeenskap

Vanweë die feit dat die plaasskool as opvoedings= instelling 'n belangrike rol speel, moet daar besin word of sogenoemde skole aan hulle beson= dere doel en taak beantwoord. Dit is dan ook die doel van hierdie studie om op 'n objektiewe wyse die Transvaalse plaasskool te evalueer.

Die belangrikheid om 'n intelligente, ontwik= kelde, opgevoede, gesonde en welvarende gemeen= skap op die platteland te hê, kan nouliks oor= beklemtoon word, want die welvaart van die staat hang in 'n hoë mate ook van die welvaart van sy boere af. Dit is belangrik dat die boer 'n wetenskaplike, 'n organiseerder, 'n sakeman, 'n werktuigkundige en getroue werker moet wees. Ten einde op die voorpunt van al die jongste ontwikkelinge op landbougebied te bly moet hy 'n ywerige student wees.<sup>2)</sup> Goeie skoolonderwys is dus vir die voorbereidende boer gebiedend noodsaaklik.

2) MALAN, J.R. The re-organisation of rural edu= cation in the Cape Province of the Union of South Africa, preface.

Ten opsigte van die ekonomiese en sosiale aan=geleenthede deel die landelike bevolking nie in die voordele wat die stede aan sy inwoners bied nie. Dit is die taak van die plaasskool om met die jongste ontwikkelinge tred te hou, en die moontlike leemtes, wat as gevolg van die plase se geïsoleerdheid mag ontstaan, aan te vul.<sup>3)</sup>

Ten spyte van die stedelike invloede wat die plase deur middel van moderne kommunikasiege=riewe bereik, is die milieu waarin die plaas=kind groot word gunstiger as dié van die stads=kind. Die lewe op die platteland is rustiger, en die kontak met die natuur intiemer. Ge=woonlik is die plaaskind meer groepsgebonde en tradisievas en kom daar min ernstige konflikte in sy lewe voor. Vanweë die eenvoudiger ge=meenskapslewe op die platteland vind die ont=wikkeling van die plaaskind meer natuurlik plaas. Selfs die seksuele rypwording en die belangstelling in die teenoorgestelde geslag verloop by die plaaskind natuurliker, as gevolg van sy noue kontak met die natuur.<sup>4)</sup>

Afgesien van die voordele wat die landelike milieu vir die gesonde ontwikkeling van die

3) Loc. cit.

4) KEYTER, J. DE W. Opvoeding en onderwys, p.76.

kind bied, „... kan 'n te tradisioneel gebonde ontwikkeling en beperkte kontakte met die ,buitewêreld', onder moderne omstandighede maklik aanleiding gee tot selftevredenheid en enggeestigheid wat maklik in intellektuele luiheid oorgaan".<sup>5)</sup> Aangesien die plattelandse milieu wel 'n remmende invloed kan uitoefen op die ontwikkeling van die plaaskind se beroepsbelangstelling en intellek, is dit juis die taak van die plaasskool om die kind te help en te steun in sy persoonlikheidswording.

Die toenemende mate van industrialisasie en snelle tegnologiese ontwikkeling; die reuse-fabrieke en fenomenale groei van die mynsentra, het 'n invloed op die plattelandse bevolking gehad. Spoedig het die ontvolking van die platteland en die toevloei na die stede sodanige afmetings begin aanneem dat dit kommer gewek het. Volgens J. de W. Keyter het die „... katastrofale agteruitgang van die boerestand, die toenemende ontvolking van die platteland by gebrek aan plaasvervangende verdienstes, die stremmende invloed op ontwikkeling van dunbevolkte gebiede, isolasie en gebrek aan geriewe aan die een kant, en die stygende eise aan wetenskaplike en ekonomiese doeltreffendheid van die boerdery aan die ander kant, ... die aandag al meer en meer op die plattelandse onderwys gevestig".<sup>6)</sup>

5) Ibid., p.77.

6) Ibid., p.333.

Die onderwysgeskiedenis van Transvaal, en in besonder dié van die platteland, was deur al die jare heen 'n verhaal, waar omstandighede op die bes moontlike manier benut is. Ongelukkig is plattelandse onderwys van die begin af op stedelike lees geskoei, omdat dit altyd as't ware 'n deel van die stedelike onderwysstelsel gevorm het. Die Republiek van Suid-Afrika betree tans die stadium dat hy as gevestigde land sy moontlikhede vir 'n eie onderwysstelsel kan ontgin. Nuwe en hoër eise word aan die opvoeding en onderwys gestel, en dit sal baie tot die doeltreffendheid daarvan bydra as daarna gestrewe word om ook waarlik by die besondere behoeftes van die landelike bevolking aan te pas.

### 1.3 Die plaasskool met betrekking tot die behoud en oordra van die Afrikaner se kultuur

As opvoedingsinstelling speel die plaasskool 'n belangrike rol op die platteland. Dit is sy taak om die bestaande tradisies, gewoontes en kennis te bewaar, en om dit aan die opkomende geslag oor te dra.

Net soos enige ander maatskappy nie staties is nie, verkeer die plattelandse gemeenskap ook gedurigdeur in 'n toestand van evolusie. Dit is die plaasskool se taak om tussen die

nuwe ontwikkelinge te kies,<sup>7)</sup> en om slegs dit wat positief, bevorderlik en aanvaarbaar vir die Afrikaner is, aan die plaaskind oor te dra.

Kultuur kan gesien word as die beskawing en ontwikkeling van die menslike gees. Die Calvinis vind sy kulturele roeping daarin, om "... die heerlikheid van sy Skepper, wie se beeldraer hy is, tot openbaring te bring".<sup>8)</sup> Volkskultuur kan beskou word as 'n "... weer=spieëling van (die) volkskarakter en lewens=ontwikkeling".<sup>9)</sup>

Afkomstig van 'n stoere voorgeslag uit die hoogs ontwikkelde volke van Wes-Europa, het die koloniste met 'n mooi en ryk erfenis aan die Kaap die grondslag vir 'n eie volksgemeenskap gelê. Op Suid-Afrikaanse bodem het die erfenis van fisieke- en geesteskrigte wortel geskiet en tot 'n eie selfstandige Suid-Afri=

- 7) As gevolg van die moderne kommunikasiegeriewe soos byvoorbeeld die radio, pers, telefoon en motor, is die plattelandse bevolking op die afgeleë boereplase binne die invloed sfeer van die stede en groot dorpe gebring.
- 8) VAN DER MERWE, N.J. Calvinisme en kultuur. Koers in die krisis, dl. 1, p.279.
- 9) BUITENDAG, P.C. Op pad skool-huis-plaas toe en die kurrikulum of onderwys in die eeu van koöperasie in Suid-Afrika en die kurrikulum, p.7.

kaanse kultuur gegroei.<sup>10)</sup>

Volgens J. de W. Keyter word kultuur bepaal "... deur die kwaliteit van die mense wat ... (dit) voortbring. Die kultuur van iedere nasie sal dus slegs in dié mate ontwikkel waarin daardie nasie die innerlike vermoë besit om dit skeppend te bevorder, en slegs so lank soos hy die verantwoordelikhede en verpligtinge daaraan verbonde kan dra".<sup>11)</sup>

Nes enige vrye volk het die Afrikaner in sy Trekkersgeskiedenis daarna gestreef om 'n eie kultuur te ontwikkel. Geïsoleerd van al die simbole van kerklike lewe, en geteister deur allerlei gevare het die Afrikaner, en in besonder die landelike bevolking, sy geestelike lewe en kultuurbesittings suiwer bewaar. Die feit dat hy dit kon doen is sekerlik grootliks daaraan te danke dat hy in sy lewens- en wêreldbeskouing steeds die Protestants-Calvinistiese stempel gedra het.<sup>12)</sup>

Die tradisioneel Christelik-nasionale beginsel het van die Boerebevolking op die plase geëis

10) KEYTER, J. DE W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, p.60-1.

11) Id. Die huwelik en gesin, p.145.

12) VAN DER MERWE, op. cit., p.281.



dat die gees en rigting van die plaasskool deurdronge moet wees van die Afrikaans-Christelik-nasionale gees. E. Greyling kom dan ook tot die slotsom dat die Christelik-nasionale beginsel die deurslaggewende lewensbeskouing van elke onderwyser moet wees.<sup>13)</sup>

Elke volk word na sy eie aard opgevoed. Die Afrikanerkind kon moeilik, sonder om ernstig benadeel te word, uit sy landelike omgewing geruk en in 'n volksvreemde skool geplaas word. Die plaaskind wat van sy omgewing, ouerhuis en volkskultuur weggeneem en in 'n vreemde kultuur geplaas is, kon laasgenoemde kultuur nooit sy eie maak nie.<sup>14)</sup>

Geen goeie plaasskool kan los staan van die tradisioneel Christelik-nasionale lewe van die Afrikaner nie. Die plaasskool sal hom as sosiale instelling op die platteland ten doel stel om die lewenswaardes te vertolk en om die plaaskind kennis te laat maak met 'n vereenvoudigde en gesuiwerde vorm van die kultuurbesit in 'n bepaalde lewensmilieu.<sup>15)</sup>

13) GREYLING, E. Christelike en nasionale onderwys, dl. 1, p.23.

14) Ibid., p.35-6.

15) KEYTER, J. DE W. Opvoeding en onderwys, p.88.

„Ons Afrikaanse skole<sup>16)</sup> moet nie net moeder=taalskole wees nie; hulle moet in die ware sin van die woord Christelike en Nasionale skole wees, hulle moet plekke wees waar ons kinders in die Christelik-Nasionale geestelike kultuurgoed van ons nasie gedrenk en gekweek word".<sup>17)</sup>

1.4 Die plaasskool met betrekking tot enkele belangrike doelstellings in die opvoeding en onderwys

Die sukses en vooruitgang van 'n onderneming word bepaal deur die doelstellings wat dit beoog. Dit sal dus nodig wees om 'n duidelike beeld van die plaasskool te kry, ten opsigte van die opvoedende onderwys waardeur die opkomende geslag tot rypheid en volwassenheid gelei word.

Die Christelik-nasionale lewensbeskouing van die landelike bevolking is ten nouste met die Boerevolk se ontwikkelingsgeskiedenis saamge=weef. Gedurende die vorige eeu was die plaas=skool nie slegs 'n één-onderwyser-skool nie,

16) Ook die plaasskool.

17) VAN ROOY, J.C. Christelik-nasionale onderwys=beleid. Instituut vir Christelik-nasionale onderwys (van die F.A.K.), 1948, voorwoord.

maar dit was ook 'n één-boek-skool. Dié boek was die Bybel. Die één-onderwyser-en één-boek-skole het van ons voorouers 'n één-boek-volk gemaak - "... godsdienstig en Bijbelvast, zoals geen ander op aarde".<sup>18)</sup>

Die Christelike grondslag van die Afrikaner se Christelik-nasionale lewensbeskouing is op die Heilige Skrif gegrond, en die nasionale beginsel op die liefde vir ons vaderland, ons volksgeskiedenis en ons eie kultuur. Beide beginsels moet in ons skole geld, maar volgens "... die grondstruktuur van ons Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing moet die Nasionale beginsels steeds onder leiding van die Christelike beginsel staan: die Nasionale moet op die Christelike wortel stoel".<sup>19)</sup>

#### 1.4.1 Die religieuse doel

Om die kind harmonieus op te voed, moet daar 'n eenheid wees tussen die opvoedingswerk van die ouerhuis, die kerk, die staat en die skool. Die Christen-opvoeder staan ook nie bevooroordeeld teenoor die eise wat daar deur die kind,

18) FOUCHÉ, L. Onze eerste scholen. Het Kristelik schoolblad, dl. XI, no. 126, 1.7.1910, p.7.

19) Instituut vir C.N.O. Christelik-nasionale onderwysbeleid, p.7-8.

gemeenskap of staat aan die opvoedingsideaal gestel word nie.<sup>20)</sup>

Onder die religieuse doelstelling verstaan die Calvinis die volgende, naamlik:

- \* dat die opkomende geslag in God, soos Hy in die Bybel geken word, sal glo, en
- \* die kinders geleer word om die Bybel, as rigsgaander en wegwysers in hulle lewens, te aanvaar.<sup>21)</sup>

Hieruit volg dat die plaasskool nie neutraal kan staan nie, en dat die plaasskoolonderwyser self 'n gelowige moet wees. Elke gelowige onderwyser-opvoeder sal bewustelik of onbewustelik sy skool inrig volgens sy eie Christelik-nasionale lewensfilosofie.

Artikel 2 van die C.N.O.-beleid bepaal dat die Afrikanerkind in die lig van die Bybel sy onderwys en opvoeding moet ontvang. Godsdienst-  
onderwys, onderrig ooreenkomstig die Bybel en ons Belydenisskrifte, moet die kernvak wees.<sup>22)</sup>

- 20) SNYMAN, J.J. 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, p.359.
- 21) VISSER, J.G.J. Die plaasskool as sosiaal-opvoedkundige ligpunt in sy omgewing. Opvoedkundige studies, vyfde jaargang, no. 18, p.2.
- 22) Instituut vir C.N.O., op. cit., p.8.

Die Calvinistiese opvoeder sal die Bybel egter nie as spelling-, lees- of teksboek vir een of ander sekulêre vak, byvoorbeeld Aardrykskunde, gebruik nie. Die Bybel dien as rig-snoer waar=in sekere beginsels, wat die hele terrein van die opvoeding betrek, neergelê word. Hierdeur word die Christelike opvoeding geensins minder wetenskaplik nie.<sup>23)</sup>

Die plaasskoolonderwyser moet hom ten doel stel om die kind te leer om God te ken en Hom te eer.<sup>24)</sup> So 'n onderwysstelsel berus op „... waaragtige godsvrug, organies verbind met deeglike kennis, sielkundig oorgedra en verwerf, vaardigheid van denke en handeling, egte beskawing en 'n gesonde liggaamsontwikkeling”.<sup>25)</sup> So kan mense van God gevorm word wat „... volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”.<sup>26)</sup>

„De Christelike school leert het kind, dat zijn lichaam met al zijne krachten en zijn

23) GREYLING, op. cit., dl. 1, p.28-9.

24) Johannes 17:3,4. „En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die ewige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.  
„Ek het u verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring”.

25) GREYLING, op. cit., dl. 1, p.93-4.

26) 2 Timotheüs 3:17.

geest met al zijne vermogens Godes zijn, omdat het door Christus duur gekocht is, waarvan het in den doop de bezegeling ontvangen heeft ...".<sup>27)</sup>

Die kind moet geleer word om die Here, sy Maker, te vrees; die waarheid te seek; poog om die goeie te doen en om die vrede na te jaag.<sup>28)</sup>

J. Chr. Coetzee sien die religieuse doel as „... die laaste, die uiteindelijke, die alles=omvattende doel van die lewe en opvoeding”.<sup>29)</sup> Dit is dus noodsaaklik dat die doel van die opvoeding van die plaasskool aansluiting moet vind by die doel van huislike opvoeding en landelike ouergemeenskap in wie se diens dit staan.

#### 1.4.2 Die nasionale doel

„Onder nasionale onderwys en opvoeding (art. 3) verstaan ons onderwys en opvoeding waarin die nasionale beginsel van liefde vir die eie op

27) WOLTJER, J. Wat is het doel van het Christelijk nationaal schoolonderwijs?, p.105.

28) COETZEE, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.283-4.

29) Ibid., p.285.

die grondslag en binne die bestek van die Christelike beginsel doeltreffend tot gelding kom in heel die inhoud van die onderwys en al die aktiwiteite van die skool sodat die kind deeglik en met trots in die geestelik-kulturele erfenis, die geestelike kultuurbesit van die nasie<sup>30)</sup> ingelei en 'n waardige draer van daardie kultuurbesit word. Die skool moet nie apart van nie, maar binne-in die volkslewe staan en dit moet in al sy aktiwiteite krag en besieling uit die bodem van eie kultuur put".<sup>31)</sup>

Die begrip „nasionaal" is die liefde vir die volkseie wat vaster staan as die wisselende lotgevalle van die verskillende politieke partye. In die onderwys vind die nasionale beginsel aansluiting in die liefde en waardering vir die vaderland, volksgeskiedenis, godsdiens en moedertaal. Die nasionale beginsel in die onderwys eis voorts dat dit sal geld in die gees en rigting van die skool, doel, metodiek en beheer van die onderwys, benoeming van personelede en die beoefening van binne- en buitemuurse bedrywighede.<sup>32)</sup>

30) „'n Nasie is 'n organiese eenheid met 'n definitiewe bestemming en funksie, taak of roeping". COETZEE, J.A. Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p.4.

31) Instituut vir C.N.O., op. cit., p.9.

32) GREYLING, op. cit., dl. 1, p.19,23.

Kulturbesit en lewens- en wêreldbeskouing kan nie van mekaar geskei word nie, trouens lewens- en wêreldbeskouing verleen kleur en waarde aan die kulturbesit. Om die volk te dien, moet die skool en onderwys in die nasionale lewe geanker wees, en tot sy inhoud en grondslag neem die nasie se lewens- en wêreldbeskouing, leefwyse, kultuur, godsdiens, moraal, wetenskap en kuns.<sup>33)</sup> Die onderwysstelsel moet die begeertes en ideale van 'n nasie vertolk want "... a nation's school system is but the reflex of her history, her social forces, and of the political and economic situations that make up her existence".<sup>34)</sup>

Dit blyk duidelik uit hierdie studie dat die Transvaalse plaasskool van die begin af moes stry om die Afrikaner se nasionale beginsels tot sy reg te laat kom, want vreemde en uitheemse elemente het voortdurend gepoog om aan die jeug 'n vreemde kultuur voor te hou. Die landelike bevolking het egter grootliks sy identiteit behou.

Die ontstaan van 'n eiesoortige Boerenasie,

- 33) KEYTER, J. DE W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, p.48.
- 34) MALHERBE, E.G. Education in South Africa, p.5. (Soos aangehaal uit: Kandel, J.L. Comparative education, p.112).



met 'n eie Protestants-Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing, kan onder andere aan die volgende faktore toegeskryf word:-<sup>35)</sup>

\* Geografiese afsondering

Op grond van politieke redes het die Voor=trekkers die oostelike grensdistrikte van die Kaapkolonie verlaat en die binneland ingetrek. Vir 'n geruime tyd was hulle gedistansieer van die vreemde liberale elemente, en kon hulle die Westerse be=skawing in die noorde vestig.

\* Biologiese faktor

Die Afrikanernasie het sy ontstaan hoof=saaklik aan drie van die mees ontwikkelde en beskaafste volke van Wes-Europa te danke, nl. die Nederlanders, die Duitsers en die Franse.

\* 'n Eie taal

As gevolg van veranderinge wat die Neder=landse taal sedert die 18e eeu ondergaan het, het die Afrikanernasie 'n eie taal gekry. Hierdie eie taal het die ont=luikende Afrikanernasie saamgesnoer.

\* Die ontstaan van 'n boeregemeenskap

Sedert die vroegste jare het die boere=gemeenskap 'n bestaan uit die vrug van die Suid-Afrikaanse aardbodem gemaak. Dit was dan ook die landbouers (boere)

35) COETZEE, J.A., op. cit., p.8.

wat by uitstek die bouers was van die nuwe onafhanklike Boererepublieke.

Deur middel van 'n nasionale opvoeding moes die plaasskool aan die plaaskind sekere deugde, wat van hom 'n volwaardige burger van die Republiek van Suid-Afrika sou maak, voorgehou het. Deugde soos liefde en eerbied vir die vaderland, dit wil sê sy eie bodem met sy plante, diere en natuurskoon; liefde vir sy nasie, en liefde en eerbied vir (en die handhawing van) sy moedertaal moet aangekweek word.<sup>36)</sup> 'n Nasionale opvoeding is noodsaaklik, want „... 'n staat sonder 'n eie nasionaliteit sal nie gedy nie! En 'n opvoeding wat in sy wese nie nasionaal is nie, kan geen ware opvoeding wees nie. Die opvoedkundige roep dan ook vol sekerheid en oortuiging uit: gee ons 'n nasionale skool!“. <sup>37)</sup>

#### 1.4.3 Die sosiale doel

Elke mens is aan 'n bepaalde groep mense, waaruit hy krag put om te kan ontwikkel, gebonde. Deur bloot net met die mense saam te leef, vind

36) VISSER, loc. cit.

37) COETZEE, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.231.

opvoeding plaas.<sup>38)</sup> Die plaaskind se opvoeding en onderwys begin by die saamlewe met die plaas= mense. Hy sal ook nie die mens word wat hy behoort te wees, sonder daardie bepaalde mens= like omgewing nie.

By geboorte beskik die mens reeds oor poten= sialiteite wat ontwikkel moet word. Om ten volle te ontwikkel, moet die kind ten nouste saam met ander mense lewe, aangesien slegs ander mense die menslike eienskappe tot volle ont= wikkeling en ontplooiing kan bring.<sup>39)</sup> „Deur middel van sosale omgang met andere, deur die voorbeeld van sy medemens, deur die onopsetlike en opsetlike voorligting, onderrigting en vor= ming word die enkeling geoefen, gevorm en ont= wikkell tot 'n sosiaal bruikbare mens“.<sup>40)</sup>

Dit blyk noodsaaklik te wees dat die onderwys= stelsel vir die landelike gemeenskap 'n belang= rike deel van hulle sosiale struktuur moet vorm. Die plaasskool moet die plaaskind leer om hom by sy sosiale omgewing aan te pas en om die gemeenskap waarin hy hom bevind be= reidwilliglik te dien.

38) KEYTER, J. DE W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, p.41.

39) Ibid., p.77.

40) COETZEE, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.274.

Vir die lewering van onbaatsugtige diens moet die plaasskool poog om onder andere die volgende deugde by die plaaskinders aan te kweek: die begeerte om suiwere ideale te koester en die wil om daardie ideale te verwesenlik (arbeidsaamheid); hulpvaardigheid en barmhartigheid; respek vir die persoon en persoonlike eiendom van andere; goeie maniere en gewoontes; netheid.<sup>41)</sup>

#### 1.5 Die betekenis van huislike opvoeding vir die plaaskind

Die Christen glo dat die huwelik en die gesin 'n goddelike instelling is. Die Bybel leer dat ouers verantwoordelik is om die eerste en primêre opvoeding te behartig. Die kinders ('n erfdeel van God) moet opgevoed word in die vrese van die Here.<sup>42)</sup>

Vanweë die simpatieke aandag en beskerming wat die kind van die huisgesin geniet, kan die skool nie die plek van die ouers inneem nie. Indien die kind van hierdie simpatieke beskerming ontnem word,<sup>43)</sup> verbeur hy die voorreg

41) VISSER, loc. cit.

42) GREYLING, op. cit., dl. 1, p.16.  
Efesiërs 6:4 „En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here”.

43) Deur die plaaskind byvoorbeeld in koshuise verbonde aan gesentraliseerde skole te plaas.

om deur persoonlikhede wat hy intiem ken en kan vertrou, opgevoed te word.<sup>44)</sup>

Die huisgesin is die natuurlike opvoedings=  
bodem waaruit die bekwame mens ontwikkel.  
Sonder die huisgesin kan ware opvoeding nie  
plaasvind nie. Die Christelike huisgesin is  
die basis waarop die kerk en die Calvinisties-  
Christelike staat opgebou word.<sup>45)</sup>

Om biologiese, kulturele en ekonomiese redes  
leen die ouerhuis hom by uitnemendheid om, in  
opdrag van God, die opvoeding van die kinders  
te behartig, want:

\* biologies vind ons in die huisgesin die  
moederliefde en die gehegtheid van die  
kind aan die ouers om die band, wat be=  
stendigheid waarborg, te skep en verste=  
wig;<sup>46)</sup>

\* kultureel is die gesin by uitnemendheid  
geskik om die nasionale kultuurbesitting  
aan die jeug oor te dra;<sup>47)</sup>

44) KEYTER, J. DE W. Dringende vraagtekens in ons  
opvoeding en onderwys, p.80.

45) MALAN, D.G. Calvinisme en die Christelike  
huisgesin. Koers in die krisis, dl. 1, p.209.

46) KEYTER, J. DE W. Die huwelik en gesin, p.60.

47) Ibid., p.62.

\* ekonomies bied die gesin ideale geleent=  
hede vir die aanleer van goeie werkge=  
woontes.<sup>48)</sup>

Die plaaskind se aanvanklike karaktervorming vind in die gesin plaas, en die nasionale kul=  
tuurgoedere word deur die ouers na die beste van hulle vermoëns aan die jeug oorgedra. In die vorige eeu het dit soms gebeur dat 'n rondloper-huisonderwyser ('n droster-matros of soldaat) die gesin se onderwyspoging aange=  
vul het. Waar huisonderwysers moeilik bekom=  
baar was (veral onder die verafgeleë veeboere), is die opvoeding en onderwys in die hande van die moeder gelaat.<sup>49)</sup>

Voor die ontdekking van diamante (1867) en goud (1886) het die Afrikanerboer en sy gesin rustig op sy plaas gewoon. Gewetenlose, volks=  
vreemde fortuinsoekers het daarna die Transvaal binnegestroom, en die plaasmense het nie van die vreemde invloed onaangetas gebly nie.<sup>50)</sup>

Deur al die jare was die patriargale lewens=  
wyse by die landelike bevolking die reël. As hoof van die huisgesin het die vader ontsag (selfs vrees) by die kinders ingeboesem, en

48) Ibid., p.65.

49) Ibid., p.90.

50) Ibid., p.131.

die deugsame vader het 'n heilsame invloed op die kinders uitgeoefen.<sup>51)</sup> Dit was egter nog altyd die moeder wat die toon aangegee het in die huislike lewe op die plase.<sup>52)</sup>

Artikel 8 van die C.N.O.-beleid bepaal dat die opvoeding en onderwys van die kinders die plig en reg van die ouers is. Op grond hiervan bepaal die ouers, in samewerking met die kerk en staat, die gees en rigting van die skool.<sup>53)</sup>

1.6 Die plaasskool en die ouerhuis, die kerk en die staat

1.6.1 Die skool as 'n sosiaal-maatskaplike instelling

Saam met die huisgesin en gemeenskap moet die skool aan die kind hulp verleen; hom steun in sy verstandelike en liggaamlike ontwikkeling, asook in die ontwikkeling van sy sedelike, godsdienstige en estetiese beskouinge.<sup>54)</sup> In samewerking met die ouers en die gemeenskap moet die plaasskool dus 'n positiewe bydrae lewer tot die ontplooiing van die karakters en persoonlikhede van die plattelandse jeug. Op=

51) ALBERTYN, J.R. Die armblanke en die maatskappy, p.30.

52) Ibid., p.32.

53) Instituut vir C.N.O., op. cit., p.17.

54) KEYTER, J. DE W. Opvoeding en onderwys, p. 304-5.

voeding en sosiale aanpassing is van die ver= naamste vereistes wat deur die gemeenskap van die skool, as maatskaplike instelling, verwag word.<sup>55)</sup>

Indien die plaasskool sy taak met welslae wil verrig, sal dit 'n milieu moet skep wat op 'n natuurlike wyse aansluit by die ouerhuis, en ook by die omvattender landelike gemeenskaps= lewe. Geen skool kan die taak van die ouers en van die breëre gemeenskapslewe geheel en al oorneem nie. Wanneer die skool daartoe sou oorgaan om die opvoedingstaak van die gesin en die gemeenskap te monopoliseer, sal dit ver= warring en ontwrigting by die ontwikkelende jeug bring, want die ouers en die gemeenskap gaan voort om die kind te beïnvloed.<sup>56)</sup>

Omdat die skool sy onderwys- en opvoedingsreg van die ouers ontvang, sal die skool die kinders volgens die lewens- en wêreldbeskouing van die ouergemeenskap moet opvoed. „Terwyl die huis en die kerk oor die gees en rigting van die skoolopvoeding beslis en die staat die peil daarvan bepaal en oor die regshandhawing op die skool reël, moet die skool weer soewerein in sy eie kring wees en dit wel ten opsigte

55) BUITENDAG, op. cit., p.4-6.

56) KEYTER, J. DE W. Opvoeding en onderwys, p.89.



van die metode van onderwys en opvoeding d.w.s. dit moet selfstandig oor die inrigting van die leerplan, die onderwysmetode, die skooltug, ens., beslis".<sup>57)</sup>

Die skool, as die maatskaplike sentrum van die gemeenskap, se werk hou nooit op nie, want dit moet steeds as rigsnoer dien om die volk op te bou. Van die skool word dit vereis dat dit die opvoedkundige-, maatskaplike- en ontspanningsentrum van die gemeenskap moet wees.<sup>58)</sup>

Die moderne gemeenskapslewe is in so 'n mate op die skool ingestel dat, selfs op die mees afgeleë boereplaas, die lewe ingerig en beplan word deur die skoolgaande kinders. Huisgesinne beplan hulle vakansietye volgens die skoolvakansies, en die verskillende kerkrade reël hulle roosters, vir kategetiese onderrig volgens die skoolkalender.<sup>59)</sup>

As gevolg van allerlei moeilikhede wat met die boerdery ondervind is, en die sukkelbestaan wat daarmee gepaard gegaan het, het die ouers op

- 57) Instituut vir C.N.O., op. cit., p.19.
- 58) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (1937), p.33, par. 118.
- 59) COETZEE, J.C. Die skool en: die huis, die kerk en die staat. Koers in die krisis, dl. 1, p.323.

die plase meer en meer die waarde van skoolon=  
derwys besef. Vir baie jare was dit dan ook die  
gebruik om die slimste seuns vir een of ander  
professie te bekwaam, terwyl die domstes die  
boerdery moes behartig.<sup>60)</sup>

Omdat nie net een aspek van die mens belangrik  
is nie, moet die goeie plaasskool (buiteskool)  
die kind in sy totaliteit ontwikkel, nl. ver=  
stand, liggaam en karakter. In hierdie studie  
sal daar dus aan beide die onderwys- en op=  
voedingstaak van die plaasskool aandag geskenk  
word, en daar sal gepoog word om aan te toon  
in hoeverre die plaasskool aan die verskillende  
onderwys- en opvoedingsdoelstellings beantwoord.

#### 1.6.2 Die plaasskool en die ouerhuis

Sedert die vestigingsjare op die Transvaalse  
platteland gedurende die vorige eeu, het die  
ouers reeds hulle verantwoordelikhede as die  
natuurlike opvoeders van hulle kinders besef.  
Aanvanklik moes die pioniersbevolking die  
woeste natuur eers tem, alvorens skole opgerig  
kon word. Boonop het die ongevestigde en rond=  
trekkende gesinne so ver van mekaar op die uit=  
gestrekte plase gewoon dat die plaasskool nie  
onmiddellik 'n belangrike rol gespeel het nie.

60) ALBERTYN, op. cit., p.32.

Namate die bevolking hulle op die plase gevestig het, het die moontlikhede vir die oprigting van skole as opvoedingsinrigtings gaandeweg toegeneem. Aan die begin het die ouers alles ten opsigte van die skoolonderwys gereël, en alle onkoste daaraan verbonde (onder andere die salaris van die onderwyser) self betaal.<sup>61)</sup>

Meester Veritas het dit reeds in September 1893 in De Volksstem beklemtoon dat dit die Godgegewe taak van die ouers is om te voorsien in die verstandelike en sedelike onderwys en opvoeding van hulle kinders. Indien die ouers nie oor die nodige tyd of gespesialiseerde kennis beskik het om hulle taak te vervul nie, moes die taak aan die skool (onderwyser) opgedra word. Die skool moes dus dien as 'n aanvulling vir die opvoeding en onderwys van die ouerhuis, en dit was die vader se reg om te "... beslist in wat geest zijn kind zal worden opgevoed".<sup>62)</sup>

Omdat die skool uit die huis ontwikkel het, is die ouerhuis die eerste, natuurlike "skool" vir die kind. Ten spyte van die feit dat die ouerhuis nou verwant is aan die skool, is hulle

61) KAMP, loc. cit.

62) De Volksstem, 27.9.1893. Vgl. ook: WOLTJER, op. cit., p.25.

nie gelyksoortig nie, en is die skool ook geen uitbreiding of verlengstuk van die huisgesin nie.<sup>63)</sup> Die skool is 'n eiesoortige, selfstandige inrigting met die taak van onderwys en opvoeding.

Die skool moet by die huisgesin aansluit, omdat dit die opvoeding en onderwys van die gesin aanvul. Goeie samewerking tussen die skool en die ouerhuis is 'n voorvereiste vir die sedelik-godsdienslike ontwikkeling van die kind.<sup>64)</sup>

### 1.6.3 Die plaasskool en die kerk

Wanneer die ouerpaar hul kind doop belowe hulle in die teenwoordigheid van die gemeente dat hulle die kind sal opvoed, of laat opvoed, volgens Sy wil.<sup>65)</sup> Sodoende erken die ouers die medeseggenskap van die kerk in die opvoeding en onderwys volgens die doopbelofte. Dit is veral die taak van die kerk om te beslis "... over het beginsel waardoor de geest zuiver bij het onderwijs kan bewaard blijven".<sup>66)</sup>

63) WOLTJER, op. cit. p.22-3.

64) COETZEE, J.C. Die skool en: die huis, die kerk en die staat. Koers in die krisis, dl. 1, p.326.

65) Formulier om die Heilige doop aan die kinders te bedien.

66) Meester Veritas. De Volksstem, 27.9.1893.

Die gees en rigting van die skool moet in ooreenstemming wees met die lewensbeskouing van die ouers en van die kerk. Dit lê dus op die kerk se weg om toesig te hou oor die gees en rigting van die skool, en om die ouers aan te moedig om hulle kinders skool toe te stuur. Om te kan groei, het die kerk mense nodig wat minstens kan lees en skryf.<sup>67)</sup> Dit moet hier in gedagte gehou word dat dit juis die primêre doel van die plaasskole gedurende die vorige eeu was om die kinders te leer lees, sodat hulle lidmaat van die kerk kon word.

Die verband tussen die kerk en die skool lê juis daarin dat eersgenoemde prinsipieel naas die skool seggenskap in die opvoeding en onderwys van sy toekomstige belydende lidmate het. Die jeugdige lidmate moet verstandelik en sedelik in die gees van die doopbelofte gevorm word.

Dit is die kerk se taak om die ouers voorligting te gee ten opsigte van hulle verantwoordelikheid, in verband met skoolonderwys. Die kerk het ook belang by die skool vanweë die feit dat dit allerlei kundighede en vaardighede aan die jeugdige lidmate leer. Geen kerk

67) COETZEE, J.C. Die skool en: die huis, die kerk en die staat. Koers in die krisis, dl. 1 p.326-7.

kan met ongeleerde lidmate groei en bloei nie.<sup>68)</sup> Deur middel van die ouers moet die kerk, volgens die C.N.O.-beginsel, toesig hou oor die gees en rigting van die skool. Christelik-nasionale onderwys moet dus deur gelowige onderwysers aan die jeugdige lidmate verskaf word.<sup>69)</sup>

Ten spyte van die feit dat die kerk en die skool ten nouste aan mekaar verbonde is, is beide selfstandige instellings wat soewerein op eie terrein bly. Die kerk het uit die besondere genade van God ontstaan, en die skool het uit die gesin sy ontstaan gevind.<sup>70)</sup>

Samevattend kan beweer word dat die kerk op die skool invloed uitgeoefen het ten opsigte van die gees en rigting van die skoolonderwys; godsdiensonderwys aan die jeugdige lidmate, en deur middel van die kerklike kontrole oor die huisgesinne word die skool op 'n indirekte wyse beïnvloed.<sup>71)</sup>

68) HOON, M.G. Die finansiering van die onderwys van blankes in die Zuid-Afrikaanse Republiek, p.5.

69) Instituut vir C.N.O., op. cit., p.17.

70) HOON, op. cit., p.16.

71) COETZEE, J.C. Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, p.72.

#### 1.6.4 Die plaasskool en die staat

Skoolopvoeding is noodsaaklik vir die voortbestaan van die gemeenskap. Dit is derhalwe die staat se plig om toe te sien dat die jeug van die volk opgevoed word, en dat hulle goeie onderwys ontvang deur middel van die skool. Hierin lê die verband tussen die skool en die staat.<sup>72)</sup>

Prinsipiëel berus die oprigting en instandhouding van die skool egter by die ouers. Die staat beperk sy bemoeiinge met die skool in soverre dat dit vereis dat die gees en rigting van die onderwys gesond is, en dat dit toesien dat alle burgers, ongeag hulle godsdienstige oortuigings, deeglike skoolonderwys ontvang.<sup>73)</sup> Waar die plaaslike inisiatief onvoldoende is (of selfs ontbreek), mag die staat self daartoe oorgaan om skole te stig indien die ouers daarom vra.<sup>74)</sup> Voorts is dit die plig van die staat om die skoolonderwys geldelik te steun.<sup>75)</sup>

72) Id. Die skool en: die huis, die kerk en die staat. Koers in die krisis, dl. 1, p.327.

73) Instituut vir C.N.O., op. cit., p.18.  
Vgl. ook: WOLTJER, op. cit., p.24.

74) COETZEE, J.C. Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, p.73. Vgl. ook: Meester Veritas. De Volksstem, 27.9.1893.

75) KAMP, op. cit., p.13.

Dit blyk uit hierdie ondersoek dat die ouers op boereplase sedert die vestigingsjare in Transvaal hulle as die natuurlike opvoeders van hulle kinders gesien het. Langsamerhand het die beskeie eenmanskole op die platteland ontwikkel. Aanvanklik het die staatsowerheid hom nie bemoei met die onderwyspogings in die buitelandse distrikte nie. Die ouers moes alles self reël en betaal.

Gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu het president T.F. Burgers met sy moderne en liberale beskouinge oor die onderwys, gepoog om die skoolonderwys onder beheer van die staat te kry. Die plattelandse bevolking het 'n afkeur daaraan gehad, en die ouers op die plase het verkies om gebruik te maak van die dienste van privaat rondgaande huisonderwysers, in plaas daarvan om hulle kinders na die staats- ondersteunde skole te stuur.

Gedurende die bloeitydperk tussen die twee Vryheidsoorloë het die skoolwette van ds. S.J. du Toit en prof. N. Mansvelt bepaal dat die ouers verantwoordelik is vir die skoolonderwys van hulle kinders, en dat die staat sy bemoei- inge met die onderwys hoofsaaklik beperk tot finansiële bydraes. Die onderwyswette van 1882 en 1892 het aanklank gevind by die Boere- bevolking, en plaasskole is tot in die verste uithoeke van Transvaal opgerig.



Onder Britse beheer na 1902 is min notisie geneem van die begeertes van die landelike Boerebevolking; trouens van owerheidsweë moes die goewermentskole as instrumente dien om die Afrikanerjeug in 'n kort tyd te denasionaliseer en te verengels. Hierteen het die verslane en verslae Afrikaner in opstand gekom, en daar= toe oorgegaan om oral op die platteland private C.N.O.-skole te stig. „Zo benauwd werd toen de toestand, dat conscientieuse ouders zich door hun eigen bittere armoede niet lieten weerhouden om zelf scholen op te richten, waar zij hun kinders konden laten onderwijzen en opvoeden zoals zij zelf het verstonden”.<sup>76)</sup>

Die Smuts-onderwyswet van 1907, wat met ver= loop van tyd enkele wysigings ondergaan het en vir baie jare die geldende wet was, het gepoog om 'n onderwysbeleid daar te stel wat albei die bevolkingsgroepe sou bevredig. Ook hierdie skoolwet was nie by die Afrikaner op die platteland populêr nie.

Intussen het die stryd om 'n skool, geskoei op die C.N.O.-beginsels, voortgeduur en uiteindelik uitgekristalliseer in Wet no. 39 van 1967. Hiervolgens moet die Suid-Afrikaanse

76) Ibid., p.9.

onderwysstelsel 'n Christelike en breë nasionale karakter hê. Voorsiening word gemaak vir Godsdiensoonderrig, moedertaalonderwys en oerseggenkap - alles sake wat in die verlede die Afrikaner op die platteland diep gesny het.

Die werklike bydrae van die verspreide plaasskole, met hulle dikwels gesmade skoolmeesters, om die tradisioneel-Christelik-nasionale beginsels en norme van die Afrikaner deur al die jare stewig te laat voortleef, kan nouliks na regte waardeer word.